
ALBERT SHORT

# Grond pad spook

kortverhale volume I



**Albert Short**

# Grondpadspook

Kortverhale I

Kopiereg © 2023 deur Albert Short

Hierdie is ’n gratis, verkorte weergawe van ’n langer versamaling kortverhale. Jy kan hierdie weergawe vryelik deel op voorwaarde dat daar nie aan hierdie lêer verander word nie.

www.albertshort.com

## Die opgrawing

Hy is dankbaar dat hulle hom alleen toegesluit het. In sy eie sel aan die stil kant van die polisiestasie. En die plek is nie naastenby so sleg as wat hy verwag het nie: daar's 'n ysterkatel en 'n stoel en 'n toilet, 'n wasbak en 'n klein venstertjie bo teen die dak. Perfek vir een aand se verblyf.

Tog voel dit onwerklik. Hy kan nie glo dat hy in die tronk is nie. Tronk is vir ander mense – moordenaars en skelms en so aan – nie doodgewone ouens soos hy nie.

Op 'n manier is dit lekker hier aan die einde van die gang. Daar's nie veel lig wat pla nie en die geluide wat van die aanklagkantoor af kom, is gedemp.

Hy moet sy hande was, onthou hy. Die modder van die graf klou steeds onder sy naels vas.

Vanuit die gang klink voetstappe op. "Hei, jy!" roep hy. "Bring vir my water! Die verdomde kraan werk nie. Ek kan nie soos 'n brak uit die toilet staan en drink nie! En seep en 'n skottel dat ek my hande kan was!"

Dis moeilik om te glo dat hy vroeër vanaand in die kerkhof was. Hy moet erken dat hy dronk was en nie helder gedink het nie.

Vars kluite het tussen die ouer grafte gelê en hy het daarheen geloop, ’n laaste keer om hom rondgekyk en toe die kransies en ruikers weggeskuif. Daarna het hy ’n graaf diep in die los aarde ingestoot en die grond op die graf langsaan uitgeskep. Hy het vinnig gewerk, want die wete aan dít waarmee die afgestorwene ter ruste gelê is, het hom gejaag soos die duiwel self nie sou kon nie. En voor hy homself kon kry, het hy halflyf in die graf gestaan.

Dit was nou maklik, het hy by homself gereken. Binnekort is hy daar. Binnekort het hy dit, dan kan hy huis toe gaan en gaan rus waar dit kalm en veilig is.

Hy was vaagweg bewus van die dwaasheid van sy daad, maar het dit afgelag. Almal moet geld hê – dis hoe die wêreld werk – maar wat beteken rykdom vir jou as jy dood is? Is dit werklik so erg om ’n dooie te beroof? Maar dan weer, inderwaarheid neem hy net terug wat aan hom behoort.

Anna.

Het sý ooit aan hom behoort? Hy was wel lief vir haar aan die begin. Genoeg dat hy iets kosbaars aan haar geskenk het, sot wat hy was. Maar dit het die doel gedien. Sy was warm en liefdevol. Tot op ’n dag toe sy koud en afsydig geword het. Hy kon dit nie verstaan nie. Dit was aan-en-af, aan-en-af, aan-en-af, dag na dag en week na week tot hy dit eenvoudig nie langer kon verduur nie.

Toe het hy sy humeur verloor. En toe gebeur dit.

Aan die bopunt van ‘n trap het sy haar balans verloor en gerol en gerol en gerol tot daar geen lewe meer in haar was nie.

En toe word sy begrawe met die kosbare geskenk om haar nek. Hy het probeer keer, maar niemand wou luister nie. Dis immers hare, is gesê. Sy was so geheg daaraan. En hy het stilweg gewonder of een van húlle dit dalk sou kom uitgrawe. En so word dit toe tóg uitgegrawe. Deur hom. Met groot inspanning.

Sweet het van hom afgetap, sy arms het begin kramp en sy rug wou breek, maar nogtans het hy goeie vordering gemaak. Hy moes hom haas, want as dagbreek hom inhaal, sou al sy moeite verniet wees. Dan sou hy die doodse kleim moes agterlaat en waarskynlik nooit weer die durf hê om sy poging te herhaal nie.

Hoe dieper, hoe moeiliker het dit geword. Hoe verder hy in die klammigheid afgedaal het, hoe moeisamer was dit om die grond bo uit die gat te gooi. Telkens moes hy die graaf hoër bo sy kop lig en boontoe swaai. Los grond op sy gesig het in ’n souterige modderstraal teen sy nek afgedrup.

Hy het gou begin wonder of hy die krag sou hê om die graf weer toe te gooi, en het meteens waansinnig begin lag. Het hy sowaar gedink hy sou hierdie wandaad kon pleeg sonder om spore te laat?

Selfs hier waar hy nou in die tronksel sit, kry hy lag vir homself. Genade, hy was dronker as wat hy selfs tóé besef het. Dis nie sommer elke ou wat besluit om ’n graf oop te grawe nie.

Hy skrik toe die ganglig afgaan en die sel in donkerte gehul is. Het hulle van hom vergeet? Dalk moet hy probeer slaap. Waar bly hulle met die water? Hy is dors en wil homself was. Sy hande is vuil. Baie, baie vuil. En daardie vieslike modder kleef steeds onder sy naels.

Hy staan op en loop tot teen die tralies. Roep in die gang af met ’n stem wat luid deur die leë selle eggo. Hy bibber,

want ’n ysige trek sny deur die donker. Hulle moet vir hom nog ’n kombers bring.

Vir ’n oomblik dink hy dat daar wél iemand met die duistere gang aankom. Maar dis net sy verbeelding.

Vloekend gaan hy weer op die katel sit. Sy lyf is moeg. Nee, méér as moeg: hy is stukkend. Gebroke. Met ’n blinde pyn in sy dik geswoegde vingers.

By die graf, graaf na graaf, het hy verby die seer baklei, en aan die ander kant van pyn, as jy jouself ver genoeg gedryf het, is dit net jou liggaam wat slepend voortgaan. Asof jý van ver af toekyk.

Dit was blinde werk. Die gat was naderhand só diep dat die maanlig nie tot op die bodem kon val nie, en toe die graaf uiteindelik die hout met ’n dowwe slag tref, het hy nie dadelik besef wat aangaan nie. Hy moes ’n paar keer daarteen dawer voor die werklikheid tot hom deurgedring het.

Wetend dat die einde in sig was, het hy op sy maag platgeval en die laaste grond met sy kaal hande weggevee. Toe het hy sy vingers om die rant van die deksel geslaan en daaraan geruk.

Maar loskom was min.

Hy was op die punt om moed op te gee toe hy aan die kant van die kis ’n slot voel, wat hy met die graaf stukkend gekap het. En toe hy weer aan die deksel trek, het dit moeiteloos oopgegaap en het die doodse reuk van verrotting hom oorweldig sodat hy die drank van vroeër suur in sy keel kon voel opstoot.

Daar is iemand in die gang. “Hoogtyd!” spoeg hy. “Julle diens is maar swak!”

Maar die persoon praat nie terug nie. Kom net stadig nader, die voetstappe amper geluidloos op die harde vloer.

“En dit raak koud!” voeg hy ergerlik by. “Bring nog ’n kombers!”

Meteens is alles van vooraf stil. Hy spring op, kyk rond. Tot sy skok is die gang leeg. Verlate. Net die gloeilamp wat floutjies aan ’n kragdraad wieg.

Koggel die skadu’s met jou moeë lyf en jou droë kop as jy werklikwaar moeg is, soos hy?

Hy skop teen die tralies. Skreeu om aandag. Iewers moet iemand hom tog hoor. Hulle kan hom mos nie toesluit en dan van hom vergeet nie, hy het mos regte.

Die graf. Die kis. Die lyk.

Die beelde bly in sy kop.

Vir ’n oomblik, terwyl hy op die oop kis gehurk en na Anna gekyk het, aansienlik minder aantreklik as ’n paar dae vantevore, het hy gehuiwer, siek aan die wete dat hy aan die verrotting daaronder sou moes vat om die halssnoer in die hande te kry. En toe, gedagtig aan hoeveel dit hom alreeds gekos het, het hy sy hand uitgesteek en met sy vingers die koel pad teen die nek af gevolg en die diamante raakgevat.

Hy het daaraan geruk, maar dit het nie meegegee nie.

En toe was daar skielik iemand, van waar weet die gode alleen, maar van bo af het ’n stem gesê: “Genade tog! Wat maak jy daar?”

Die besef dat hy op heterdaad betrap is, het hom opnuut aangespoor. Haastig het hy gevoel na die knippie agter die willose nek. Hy het die halssnoer losgehaak en met mening afgeruk.

“Staak dit! Vries!” het ’n tweede stem gebied.

Hy het teen die los grond uitgestrompel na bo, gereed om te laat spaander, of sy buit met sy laaste krag te verdedig. Maar toe hy sywaarts probeer wegkom, raak sy voete verstrengel in die vervloekte kransies op een van die buurgrafte en slaan hy neer met sy agtervolgers gewelddadig op hom.

Die sel is nou vriesend koud.

Hy loop na die toilet, hurk en begin om die modder en die reuk weg te was. Terwyl hy sy hande aan sy broek droogvee, staan daar meteens ’n figuur by die tralies. “Uiteindelik! Liewer laat as nooit, hè? Hoe lank moet ’n mens vir julle wag in hierdie vervloekte plek?”

Hy is moeg. Dit het groot baklei geverg om die mans af te skud. Maar hy was desperaat, en desperaatheid maak jou sterk. Hy het weggekom, en hy weet steeds nie of hy hom verbeel het nie, maar toe hy hom opraap om oor die kerkhof se muur te spring, was sý daar. Anna het voor hom gestaan en sy pad versper.

As sy, of haar spook, nie daar was nie, dan was hy nou vry. Vry en ver hiervandaan met sy diamante.

Hy word koud toe hy deur die tralies staar.

Want dis sý. Dit is weereens Anna wat voor hom staan.

“Ek het dit nie meer nie! Ek het nie meer jou vervloekte halssnoer nie! Gaan vra vir húlle.” Hy beduie na die aanklagkantoor. “Húlle het dit gevat.”

Anna draai haar kop effens skeef, haar gesig bleekblou en bebloed soos daardie dag ná die ongeluk op die trap. Hy steier terug toe sy meteens dwarsdeur die tralies die sel binnestap. Hy raak histeries, duik by haar verby en skop dawerend teen die ysterdeur. Hoe is dit moontlik dat die wagte dit nie kan hoor nie?

By die bed gaan sy staan, begin die bedlaken in repe skeur asof dit van papier gemaak is. Daarna knoop sy dit behendig in ’n lus wat sy uitdrukkingloos om sy nek haak.

Hy gryp wild na vashouplek terwyl sy hom ophys en die ander punt van die laptou swewend aan die tralies van die hoë venstertjie vasknoop. Só laat sy hom hang, sonder vastrapplek, tot hy die are in sy kop een-een voel bars.

“Kom saam met my ...” is die laaste woorde wat hy hoor terwyl die donkerte op hom toesak. “Kom saam …”

## Slaap

Vroeg wakker. Soos elke oggend. Lank voor dagbreek. Dis die beste tyd van die dag, want vroegdag is daar niemand wat wil klets of ’n geraas maak nie. Dan is dit net sy en die vreedsame koms van die nuwe dag: vars uitgedruk en nartjiesoet.

Oudergewoonte kyk sy na die horlosie op die bedkassie. Drie-uur. Dis omtrént vroeg. Selfs vir haar. Waarom het sy só vroeg wakker geword? En wat is daardie geluid? Dalk die gemmerkat van oorkant die straat? Blare wat binnetoe gewaai het?

Opstaan.

In die gang skakel sy die lig aan, kyk rond, sien niks en gaan terug bed toe. In die skynsel van die bedlamp maak sy ’n tydskrif oop en lees die briewerubriek. Dis koel, winter is op pad. Moet sy nog ’n kombers uit die linnekas gaan haal?

En dan, plotseling, kom ’n nuwe gedagte by haar op: sy is nie alleen nie. Daar is iemand saam met haar in die kamer. Deur haar wimpers loer sy rond. Sien eers net die deken, die

bult wat dit oor haar voete maak en dan – 'n vaal figuur wat roerloos by die voetenent staan.

"Wie is jy?"

Geen antwoord nie.

Sy kom orent, kyk wild rond. Waar is die gedaante nou? Waarheen het dit verdwyn? Was dit 'n hersenskim en het sy sopas soos 'n waansinnige met haarself gepraat?

Weer staan sy op, hang 'n kombersie om haar skouers en loop kombuis toe. Met 'n glas melk in die hand kyk sy deur die venster na die takke van die moerbeiboom wat slaperig roer, afgeteken teen die skynsel wat van die straatligte af kom.

Dis nog te vroeg om met haar dagtake te begin. Dan maar terug slaapkamer toe. Dalk die radio aansit? Wie saai dié tyd van die oggend uit? Sy skakel dit aan, maar die opvangs is sleg en sy draai dit dadelik dood. Gaan lê dan maar weer in die kooi en luister na die oggendgeluide: 'n voëltjie wat sing, 'n kriek, 'n hond wat in die verte blaf.

Sy probeer vergeet dat sy haar verbeel het daar was iets langs die bed en dat sy selfs daarmee gepraat het. En tog. Waarop dui hierdie hersenskim? Is iets aan die gebeur met

haar? Sy wil tog nie mal raak nie, sy kan alles verloor, net nie haar verstand nie.

Sy sluit haar oë en luister na haar eie asemhaling.

In die verte dreun ’n vragmotor, sy kan die gedempte geknor van die enjin net-net hoor. En dan is daar iets wat klink soos ’n sagte snork. Hier. By haar. In haar slaapkamer.

Hierdie keer flikker haar oë dadelik oop. Haar asemhaling versnel, al het sy dit verwag, want weer staan die beweginglose figuur by haar voetenent.

“Wat soek jy?” vra sy ontstoke. “Wat maak jy in my kamer?”

Eers antwoord die gedaante nie. Toe dit wel praat, is dit met ’n skor fluisterstem. “Hierdie bed is myne.” Die ding se doodse blik gly oor die antieke katel met die bronstralies en die porseleinknoppies wat die kopstuk versier. “Ek is moeg. Ek wil kom slaap.”

“Wie is jy?”

Sy besef dadelik dat sy weereens met die donkerte praat. Daar is niemand, net sy en die koue bries wat deur die venster na binne waai.

In die vaal lig bekyk sy die bed. In die pandjieswinkel het dit gewieg as jy daaraan raak en die knoppies was grys en smerig. Dit het lank gevat om te herstel en blink te poleer, maar sy het dit met liefde gedoen. En met nuwe beddegoed en ’n dure matras sal sy dit nie maklik prysgee nie.

En nou beweer hý dit is sýne?

Sy staan op en gaan was haar gesig. Trek ’n dun truitjie aan teen die oggendkoue. Terug in die slaapkamer skakel sy die lig aan, maak die bed op en skud die gedagtes aan die gedaante uit haar kop.

In die sitkamer stof sy die boekrak af, gee haar plante water en vee die koffietafel af.

*“Die bed is myne.”*

Hoe verspot. Die ouderdom en die mens se verbeelding is ’n berugte kombinasie. Dalk voel sy op ’n manier skuldig, sy het dit immers teen ’n besonder lae prys aangeskaf. Heel moontlik het dit aan iemand behoort wat in die knyp was. Geldnood. Dis ’n mooie bed, wie sou sommer so ligtelik daarvan afstand doen?

Toe die voorkamer skoon en netjies is, sit sy af winkels toe en kyk ook sommer of daar al enige nuwe tydskrifte is.

Darem niks so lekker soos om ná middagete met ’n leesding te ontspan nie.

Daardie middag trek sy die slaapkamergordyne op ’n skreef, sit die nuwe tydskrifte op die bedkassie neer en gaan sit op die rand van haar kooi. Haar skoene rangskik sy netjies langs mekaar voor sy terugleun teen die kussing. Sy het skaars haar lê gekry, of die woorde van vroeër klink op in die stil vertrek: *DIE BED IS MYNE.*

Koue slaan eensklaps op uit die matras. Sy kom orent en spring met ’n paar hale tot in die gang. Vandaar kyk sy terug. In die middel van háár bed lê ’n figuur. Op sy rug, met toe oë en sy hande oor sy bors saamgevou.

Slaap hy? Of is hy dood?

Wat ís hy?

Driftig slaan sy die kamerdeur toe, draai die sleutel en drafstap buitekant toe, weg van die kamer met sy skemertes, weg van die bed, weg van daardie aaklige, onwelkome spook.

Spook?

Die woord bring haar tot stilstand. Regtig. Is dit wat dit is?

Teen laataand maak sy vir haarself ’n slaapplek reg op die bank in die voorhuis en vertel haarself hoe gemaklik dit gaan wees. Toe nie. Die bank is net-net te kort sodat sy haar bene permanent moet optrek. Boonop dreig die agterste kussings om haar voor af te stoot. Die kombers val kort-kort af, en haar kop druk benoud teen die armleuning.

Hoe gaan sy ooit slaap? Daar is net een bed in die huis en net een bank in die sitkamer. Sy kan seker op die vloer probeer slaap, maar wat van goggas en die kruipende herfskoue? As dinge só aangaan, maak sy vanaand nie ’n oog toe nie.

Sy skakel die lig aan. Tas rond en onthou tot haar ergernis dat haar nuwe tydskrifte in die slaapkamer op die bedkassie lê. Pleks daarvan lees sy ’n kortverhaal uit ’n ou bundel. Daarna staar sy na die plafon totdat haar nek pyn.

Sy is moeg. So moeg.

Hoe nou gemaak?

Toe die staanhorlosie vir die soveelste keer slaan, staan sy op, stap met vasberade treë in die gang af en sluit die slaapkamerdeur oop. Vir ’n oomblik huiwer sy. Sy kan die gedaante net vaagweg uitmaak, maar sy sagte, ritmiese asemhaling is duidelik hoorbaar.

Hy slaap. Dis veilig. Dis ’n dubbelbed.

Sy kry lag. Wat dínk sy alles?

Suutjies trek sy haar skoene uit, lig die komberse op en glip tussen die lakens in. Die kussing is ferm, dog sag teen haar wang, en die matras ’n vertroosting vir haar moeë lyf. Dit vat nie lank voor die slaap haar oorval nie. En toe ’n koue arm om haar vou en haar teen hom vastrek, kruip sy onwillekeurig nader voordat sy dieper wegsak in ’n tydlose slaap.

## Spookasem

Ek is alleen. Sonder ouers. Sonder enigeen. Hulle het net op ’n dag weggetrek en my alleen gelos. Wie dóén dit? Duidelik my tipe ouers. As hulle ooit my ouers is. Daaroor het ek al baie kere gewonder.

Hoe ook al. Ek is alleen. Haweloos.

En honger.

’n Reuk dwarrel verby my neusgate. Snuiwend kyk ek rond. Dis ’n soet reuk. Fudge of heuning of dalk selfs parfuum.

Nee, nie dít nie, dit ruik beslis na iets eetbaars.

Ek sit my skooltas op die sypaadjie neer. Hoewel ek amptelik haweloos is, gaan ek steeds skool toe sodat die welsyn my nie kan vang nie. Netnou plaas hulle my in ’n huis vol vreemde kinders. Dit sal aaklig wees.

Dit raak net al hoe moeiliker om nie soos ’n hawelose te lyk nie. Of te ruik nie. Dis moeilik om elke nag in ’n kartonboks onder ’n brug te slaap sonder dat dit wys.

Die reuk prik my neusgate. Ek tree nader aan ’n skreef in die heining waardeur die geur warrel en loer daardeur. Snuif-snuif, natuurlik.

Ek kan my oë nie glo nie.

Aan die anderkant staan ’n huis, kromgetrek en vervalle. Dis skemerdonker daar en die plek lyk skrikwekkend baie soos ... ’n spookhuis!

Ek druk my oog teen die opening om beter te kan sien en spring weg toe iemand skielik praat: “Kan ek help?”

Ek ontspan toe ek sien dis net ’n dogtertjie. “E-ek kyk sommer ...” stamel ek.

“Nuuskierige agie!” spot sy. “My naam is Salomien. Wie is jy?”

Ek grinnik verleë. “Bernard. Wat ruik so soet?”

“Spookasem. Wil jy hê?”

My juffrou het ons al ’n miljoen keer gewaarsku om nie geskenke van vreemdelinge af te aanvaar nie, maar die dogtertjie lyk skadeloos. En boonop rammel my maag.

“Ja, graag!” antwoord ek.

Salomien maak die tuinhekkie oop. Ek tel my tas op en loop in. Ek moet versigtig trap om nie oor die bossies en rankers te struikel nie.

Langs ’n stukkende voëlbak gaan ek staan om die huis van naderby te bekyk. Dit lyk wraggies soos iets uit ’n bangmaakfliek. Vir seker wil ek nie ná donker hiér wees nie.

Maar waar is – wat is haar naam nou weer? – e-e-e ... Salomien. Waarheen het sy so vinnig en ongemerk verdwyn?

Sy verskyn van nêrens af. “Hierso!” Sy hou ’n tamaai bol spookasem uit wat my mond laat water.

“Blou!” Ek lek my lippe af. “My gunstelingkleur.”

Ek bring dit na my mond. Laat sak dit toe ek besef dis effens deurskynend. Vraend kyk ek na die dogtertjie, net om te besef sy is óók ’n bietjie deurskynend en dat sy in die sonlig feitlik heeltemal verdwyn.

Ek kry snuf in die neus. “I-i-is jy ’n spook?” hakkel ek.

Sy lag. “Ja! Ek is en ek bly in hierdie spookhuis saam met my spookma, spookpa en spookboetie. Hulle is gou uit, hulle sal later terug wees.”

Ek probeer my bes om nie bang te lyk of te vra watse spokerige dinge hulle gaan doen het nie. Om my bewerasie

weg te steek skeur ek ’n reep van die spookasem af en proe daaraan. Die suiker smelt weg in my mond en die kante kraak tussen my tande.

“Ek glo nie ek het al ooit sulke lekker spookasem geëet nie,” sê ek met ’n breë glimlag.

“Dis omdat dit regte spookasem is,” antwoord sy.

Ug. Het ek reg gehoor? Soos in haar en haar pa en ma en boetie se asems? Skielik voel ek ’n klein bietjie naar. Maar dit ruik en smaak so lekker dat ek gou nie meer omgee nie en reep na reep verorber.

Ek wil vir haar ook iets gee, maar wat? Dalk die nuwe potlood wat ek die vorige week met my laaste geld gekoop het. Dis wit en rooi en het ’n skittergeel uitveër op die punt. Dit sal beteken dat ek nie ’n potlood het nie, maar die spookasem is dit werd.

Haastig haal ek my pennesakkie uit my tas en gee die potlood vir haar.

Haar gesiggie vertrek asof sy wil huil. “Niemand het nog ooit vir my ’n geskenk gegee nie. Dis pragtig! Dankie, Bernard, dankie!”

Ek glimlag wyer as ’n pampoenspook.

“Wil jy sien hoe lyk ons huis?” vra sy.

Weer skiet een van juffrou se waarskuwings my te binne. Sy sal briesend wees as sy ooit moet weet. “Ja,” antwoord ek. “Graag.”

Ons loop oor die gekraakte paadjie na die vervalle stoep. Salomien sweef geluidloos met die trappies op. My voetstappe klap dawerend. In kontras.

Die voordeur hang skeef en die verf dop af. Toe ons instap, kielie ’n honderd spinnerakke my gesig. Die plankvloere is plek-plek gebreek en ek moet mooi kyk waar ek trap.

“Jammer dis so vuil,” sê sy. “Ons maak elke jaar skoon, maar dit bly stowwerig.”

“Hoe lank woon julle al hier?”

“Twee eeue.”

“Wat?!”

“Ons is spoke, onthou!” Sy lag.

Ek kyk rond. Muurpapier is besig om los te kom en ’n kandelaar hang skeef in die middel van die vertrek.

“Julle is seker baie gelukkig hier,” sê ek – want ek voel ek moet iéts sê.

“Ja, ons is! Maar daar is ’n probleem.”

“En dit is?”

“Ons moet binnekort trek. Die huis is verkoop en gaan gesloop word om plek te maak vir ’n woonstelblok. Ek weet nie waarheen ons gaan trek nie. Dis nie maklik vir vier spoke wat ouer as tweehonderd jaar is om ’n nuwe blyplek te kry waar niemand ons sal pla nie.”

“Dis erg,” sê ek.

Skielik glinster haar oë. “Wil jy iets sien?” vra sy. “’n Geheim?”

“Beslis!”

Ek volg haar na die eetkamer. Sy lig een van die vloerplanke op. Nuuskierig loer ek af in die gat, maar dis te donker om enigiets te sien.

“Wat is daarbinne?” vra ek.

“’n Kissie.”

“En wat is daarin?”

“Goud.”

Ek verstik amper. “G-g-goud?”

“Goue muntstukke wat honderde jare oud is. Dis baie waardevol. Dit het aan ons voorouer behoort. ’n Smokkelaar.”

“Is julle nie bang iemand steel dit nie?”

“Nee. Dis ’n spookhuis, onthou, niemand kom ooit hierheen nie. En daar is nie veel wat spoke met geld kan doen nie, behalwe om torinkies te bou of dit met ketties rond te skiet. Daarom moet jy dit vir jou vat.”

“WAT?!”

“Jy is die enigste maatjie wat ek ooit sal hê,” sê sy. “Gewoonlik hardloop mense weg as hulle my per ongeluk sien. Maar jy het met my gepraat. En by my kom kuier. En vir my ’n potlood gegee. Vat dit. Dis joune.”

Dis twee maande later.

Ek staan op die stoep van my nuwe tuiste en verkoop spookasem: groen, blou, geel en pienk, afhangend van wie se

asem dit is. Ja, regtig. En ek weet dit klink "ug", maar dis smullekker. En daar is 'n lang ry kinders wat wag om een of twee of ses te koop.

"Ek kan nie voorbly nie," sê ek sag. "Volgende keer moet ons meer vooraf maak."

Die kinders dink ek praat met myself, want in die daglig is alle spoke totaal onsigbaar, gevolglik kan hulle glad nie vir Salomien sien nie. Al wat selfs ék kan sien, is die potlood wat nou en dan langs my flikker soos Salomien ons verkope in 'n lyntjieboek neerskryf.

Toe die kinders smullend wegstap, bedank ek haar nogmaals. "Dankie weer vir die goud. Dit was 'n briljante idee. Nie net kon ek die huis by daardie woonstelontwikkelaar koop nie, ons kon ook hierdie oulike winkeltjie begin."

Salomien glimlag. "Wie sou ooit kon raai dat ons spookhuis so mooi kan lyk? Dis so prettig geverf! Soveel kleure en patrone en versier met prente van verskillende soorte spookasem." Sy draai in die rondte. "Die lekkerste is dat ek en jy en my spookma, spookpa en spookboetie vir altyd hier kan bly."

“Vir ewig en altyd,” sê ek. “So lank as wat ons wil. Almal is bymekaar, niemand is ooit haweloos, honger of alleen nie.”

Ek is tevrede. En gelukkig. En lief vir my nuwe spookfamilie. En hoewel ek soms ’n bietjie na my ouers verlang, en nou en dan vir die welsyn koes, sal ek my lewe saam met Salomien-hulle vir niks op aarde verruil nie.

## Sneeuman

Sy skrik toe die man voor haar verskyn. Wit baadjie, wit broek. Selfs sy skoene is dieselfde kleur as die sneeu. G’n wonder sy het hom nie sien aankom nie. Iemand soos hy kan maklik met die omgewing saamsmelt – behalwe vir die blinkswart hare en daardie begeerlike oë wat net ’n oomblik te lank na haar gekyk het.

Met ’n fluisterende “good day” verdwyn hy agter ’n struikheining, en dan is dit asof hy nooit daar was nie. Maar daardie oë sal later in haar drome weer na haar kyk, weet sy. Dis nie die soort gesig wat ’n mens maklik vergeet nie.

Maar die drome sal moet wag. Daar is ’n belangriker saak wat nou haar aandag verg, en sy kan dit maar erken: sy het verdwaal.

Plaas dat sy die donkeroog om aanwysings gevra het. Hoekom het sy nie? Dalk was alles te skielik. Sy’t nie helder gedink nie. Seker ook maar goed sy het stil gebly, anders het sy dalk net gestotter en hulle albei ongemaklik gemaak.

Sy vou ’n stuk papier oop. Dankie tog dat sy besluit het om die kaart uit te druk. Net jammer dit lyk glad nie meer so eenvoudig as vroeër nie. Heelwat van die strate is nie aangedui nie en die skaal is heeltemal uit. Nogtans beter as niks, veral met haar foon wat sedert haar landing hier in Engeland nie opvangs het nie. Die SIM-kaart, waarskynlik. Later se probleem.

Kyk rond. Waar ís sy?

Sy moet hulp vra. Net jammer die mense op straat is so yl gesaai. Sal sy iewers aanklop? Sy kyk na ’n deur skuins voor haar. Liewer nie. Sy wil nie lastig wees nie.

Haar stewels kraak oor die ys. Die koue is ’n lafenis, maar sonder troos. Sê nou sy is gans en al in die verkeerde buurt?

Sy haal diep asem om die wêreld van vooraf te betrag. Wit, alles en oral. Paaie en dakke. Die grasperke en voortuintjies ook. Oulik, reken sy – ás jy weet waar jy is.

Sy sukkel haar foon uit. Steeds geen opvangs nie. Dan maar foto’s neem om later aan haar vriende te stuur.

Veral van die sneeumense.

Hierdie buurt het duidelik ’n obsessie daarmee. Vanwaar sy staan kan sy ’n stuk of dertig sien – dalk selfs vyftig. Elke beeld is sorgsaam versier: baadjies, hoede, serpe en pruike. Klippies-oë en wortelneuse. Een het ’n baard van boombas. Die meeste het verwronge tak-arms.

Net jammer sy kan nie met die sneeumense praat en uitvind waar sy is nie.

Trap dan maar rond. Waarheen nou? Aankarring met hierdie pad en hoop vir die beste?

Sy sug. Ná die lang vlug wil sy so gou as moontlik by die hotel inboek en haar skoene uitskop. ’n Warm bad. Koffie.

Vir wat het sy haar vroeër so slim gehou? Die taxi-bestuurder het vriendelik aangebied om na die hotel te help soek, maar sy was so seker van haarself. Dat sy kortpad agter die huise om kon vat.

’n Paar foto’s, net vinnig, en dan aanbeweeg. Sleep die tas dat dit diep slootjies in die sneeu maak, al raak dit swetend warm onder al die lae klere wat sy aanhet.

’n Ent verder besluit sy om die pad oor te steek, maar dan verskyn daar ’n motor, asof uit die niet, en kom dit blitsig op haar af. Sy gil, en toe die enjin verby is kyk sy die

jaagduiwel in ongeloof agterna. Die asem brand in haar bors, en die naskok is soos bloed in haar mond. Dit was amper. Sy moet versigtig wees. Die skilderagtigheid van die buurt maak dat sy meer ontspan as wat sy moet.

Dan is die man in wit skielik weer langs haar. Verligting. En bewerasies. Sy doen haar bes om kalm te klink: "Goeiemôre meneer, ek is opsoek na Halcyon Hotel. Weet u dalk waar ..."

Die stem is net so donker as die oë. "Eerste straat links, en deur die ysterhek. Rooi bordjie by die ingang. Moeilik om te mis."

"Dankie." Sy wil gaan – én sy wil bly. "Have a good day, sir," sê sy, heeltemal te formeel.

Hy lag nie, maar lyk ook nie onvriendelik nie. Dis net daardie oë. Daar is iéts omtrent daardie smeulende oë.

Sy koers in die rigting wat die man verduidelik het, en toe sy omkyk, is hy weereens skoonveld. Hierdie keer seker vir altyd, want wat is die kans dat hulle nóg 'n keer sal ontmoet?

Sy is ten minste dankbaar dat sy nou rigting het, en skaars 'n minuut later gooi sy haar arms omhoog toe sy die

ysterhek sien. Die pad wat na binne lei, maak ’n sierlike draai tot by ’n kolossale herehuis.

Kan jy glo, jubel sy. Uiteindelik!

Die outydse gebou is drie verdiepings hoog. Sy klim met die stoeptrap op en sit haar bagasie op ’n houtbank neer. Sy snak toe die deur oombliklik oopgaan.

“Is dit Halcyon ...?” begin sy, maar die woorde steek vas. Die man wat voor haar staan is niemand anders as hý nie! ’n Honderd vrae warrel deur haar kop, maar sy sê niks.

Hy vat haar bagasie. “Ek is bly my aanwysings was goed genoeg.”

Sy volg hom die skemertes van die voorhuis in. Daar is ’n loodglasvenster en die lig maak dat ’n sagte skynsel hom omring. Iets spokerig. Sy loer met nuwe belangstelling. Daar is meer spiere onder daardie wit baadjie as wat sy tot dusver besef het, en is ’n parmantige aantreklikheid aan die manier waarop hy beweeg. Sy moet wegkyk, voordat hy besef wat sy dink. Kyk na die voorportaal. Haal haar serp af.

“Ek het koffie gemaak, vroeër. Kan ek vir jou bring?”

Haar grootste begeerte is om te gaan rus, maar die woorde kom voordat sy kan keer. “Sal lekker wees.”

Toe hy weg is, byt sy op haar vinger. Wat is fout met haar? Die een oomblik dink sy hy is ‘n spook, die volgende staar sy na hom met gedagtes waaroor sy nie maklik sal bieg nie.

Om die verwarring te verdryf, kyk sy rond, vergaap haar aan die kandelare, die ouwêreldse meubels, die skilderye. ’n Binneversierder se droom! Hier gaan sy beslis ’n paar idees steel. Hoe wonderlik moet dit wees om in só ’n plek te kan bly?

Voor die venster gaan sy staan, vryf oor haar gesig en kyk na die sneeuvlokkies wat afsweef aarde toe.

“Hou jy van die uitsig?” Sy het hom nie hoor aankom nie. Hy sit die skinkbord neer en kom langs haar staan.

“Dis ‘n ... sprokiesland.”

“Ek stem saam,” antwoord hy sag. “Wat is jou naam?”

“Ek is Mariana.”

“Mooi naam. Ek is Alfred. Waar kom jy vandaan?” vra hy. “Daardie aksent ... Suid-Afrika?”

“Jy het dit seker op my bespreking gesien.”

“Bespreking?”

“Vir die kamer.”

“Jy het nie ’n bespreking nie.” Die oë lag. “En hierdie is nie ’n hotel nie.”

“Ek ... Wat?”

“Dis my huis hierdie. Maar asseblief, moenie gaan nie! Daar is ’n groot kamer op die eerste vloer. Jy kan daar slaap.”

“Waarvan praat jy?”

Hy stotter. “Ek het gejok oor die aanwysings na die hotel. Maar bly. Asseblief.”

“Bly?” Sy wil stry, maar kan nie. Watter krag het hierdie vreemdeling oor haar? Hulpeloos knik sy.

Hy vat die koffiepot en begin om te skink. “Wat kom doen jy in Engeland?” wil hy weet.

“Werk. Daar is ’n uitstalling in Londen waar ek betrokke is.”

“Al die pad vir ’n uitstalling?”

“Ek is ’n binneversierder,” vertel sy. “Maar as ek so na hierdie kasteel van ’n plek kyk, dan voel my werk, in vergelyking, na ’n spelery.”

Hy skud sy kop. “Aardse dinge.”

Sy hou al hoe meer van hom. Van hoe hy praat en beweeg. Ten spyte van daardie vreemde gloed wat sy elke paar oomblikke raaksien. Soos ’n lig. Suiwer soos die sneeu buite die venster.

“Vertel my van die beelde. Daar is baie van hulle. En hulle is vreeslik mooi.”

Hy is duidelik beïndruk met die vraag. “Dis die dorp se gemeenskaplike stokperdjie,” sê hy en verras haar met ’n ongewone voorstel. “Ek gaan juis later een bou. Lus om te help?”

“Maar daar is alreeds so baie!”

Hy lag. “Dus sal nóg een glad nie verdag lyk nie!” Die donker oë vonkel. “Sal lekker wees om ’n medepligtige te hê.”

Sy leun vorentoe en vinnig weer terug. Wou sy hom soen?

En weereens, wat is daardie gloed?

Dis tragies, dink sy en skud haar kop, wanneer ’n mens aangetrokkenheid met die bonatuurlike verwar!

In die roostuin stapel hulle sneeu saam om ‘n lyf te vorm, en ’n bal vir die kop. Bewonderend staan sy terug toe hulle klaar is. Wat ’n poging! Die beeld is net-net langer as sy self.

“Dis goed,” beslis sy.

“Dit raak beter.”

“Hoe?”

“Wanneer hulle smelt.”

“Smelt?”

“Dis asof die natuur als kom terugvat. Stof tot stof en sneeu tot water.”

Mariana tel twee klippies en ’n stokkie op vir die oë en die neus, en op daardie oomblik begin die sneeu om met nuwe ywer te val.

“Ons beter ingaan,” sê Alfred. “En dit sal lekker wees as jy vanaand saam met my sal eet. Sê ja, asseblief.”

Aandete kom uit ’n feëverhaal. Die tafel is formeel gedek. Wyn, kerse en proteas in ’n pot. Daar is ’n groot kaggel waar vlamme speel.

Hy lig ’n deksel waaronder die geurigste bredie pryk. Sjoe, dan kan die man nog kook ook! Was haar vroeëre gedagtes dat hy ’n onwerklike wese is regtig so verregaande?

Hulle gesels dat die woorde soos ’n storm tussen hulle woed. Tyd staan stil, maar nogtans tik die wyser stilweg tot by middernag.

“Tyd om te gaan slaap,” gaap sy. “Ek vat gou die skottelgoed weg.”

“Jy hoef nie,” protesteer hy, en toe sy nagsê moet sy hard probeer om nie oogkontak te maak nie.

Toe sy by die kosyn kom, sê hy haar naam. Net een keer. Sag. Net-net hoorbaar. En dan is hy reg by haar, vou hy haar hande in syne. Hulle lippe raak, en toe sy tong oor hare speel is alle weerstand daarmee heen. Of die soen twee sekondes of twee ure was, voel onbelangrik, maar sy kry dit reg om hom weg te stoot. Waarom baklei sy? Wat het sy om te verloor?

“Ek moet gaan,” fluister sy.

“Ja. Dis beter so.” Hy vee oor sy gesig. “Ek gaan uit. Vars lug.”

“Maar dit sneeu.”

“Goed vir afkoel.” Hy mik vir die deur.

Sy loop saam, en toe die koue lug haar in die gesig tref, kom daar ’n bietjie van haar nugterheid terug.

“Dis mooi, nè,” merk hy op. “Volmaan, sneeu ...”

“En die wind,” prewel sy. “Die koue wind oor die ys. Magies. Vriesend.”

“Dis glad nie so koud as wat dit lyk nie.” Asof hy ’n punt wil bewys, loop hy met die stoeptrap af. Sy hoor hoe sy skoene oor die tuinpad kraak na ’n oopte anderkant die struike. En daar gaan hy staan, sy bene wyd geplant en sy gesig na die hemel gedraai terwyl die sneeudonsies sag daarop val.

Sy weet nie hoe sy so vinnig by hom uitgekom het nie, maar toe hulle hierdie keer soen, sak hulle saam af ondertoe, soos twee ysbeelde wat smelt, en word die sneeukombers hul bed. In die koue vind hulle mekaar se warmte – ’n plofbare hitte wat maak dat hulle lank na die tyd net daar bly lê, tevrede.

En Alfred was reg. Dis glad nie so koud as wat dit lyk nie.

Mariana word wakker van die son wat deur die gordyne breek. Sy kyk om haar rond. Wie sal ooit haar storie glo? Hierdie huis, die ete, die sneeu – om nie eers van die donkeroog te praat nie.

By ‘n antieke spieëltafel borsel sy haar hare en trek aan. Sy sal vir Alfred ’n stewige ontbyt gaan maak. So op sy eie het hy seker jare laas ’n ordentlike boere-ontbyt gehad.

Maar toe sy met die trap afstap, sien sy hom deur die venster waar hy by die sneeuvrou staan. Dit lyk kompleet asof die twee in ’n diep gesprek gewikkel is. Sy lag en trippel na buite. Toe sy by hom kom, is sy gesig mooi en vars, sy kuif ’n briljante swart teen die wit.

Saggies groet sy. Op ’n manier klink haar stem nes die wind. Dalk het sy die vorige aand koue gevang – nie dat sy omgee nie, dit was beslis die moeite werd!

“Mariana ...”

Sy wonder oor die sneeu. Het die tekens van hul daad toegesneeu? Die gedagte laat haar bloos. Nogtans leun sy vorentoe en plant ’n kus op sy wang.

Sy knipper haar oë verbaas toe hy wegstaan. “Oor gisteraand ...”

“Alfred?”

“Dit was ’n fout. Ek is jammer.”

Sy woorde kom onverwags. Sy dog dan juis dis die spontaniteit, die dierlike oorgawe, wat dit so besonders gemaak het. Maar sy moes geweet het. Hoe lui die spreekwoord? As iets te goed lyk om waar te wees ... Wat het sy verwag? Dat sy sommer so natgesweet by iemand se voordeur kan opdaag, en dat dit tot ’n leeftyd van saamwees kan lei? Wat maak haar in elk geval so spesiaal – sekerlik is daar vele meisies in Engeland wat alles sou gee om aan sy sy te wees. Meisies wat veel mooier en interessanter is as sy.

“Dis ... oukei!” Sy gaan haarself nie toelaat om pateties voor te kom nie. Sy kry dit reg om te glimlag. “Ek moet in elk geval nou op die uitstalling konsentreer.”

“Ek is jammer, Mariana. Ek is régtig baie jammer.”

Die donker oë kyk sag na haar, maar in plaas daarvan om haar knieë lam te maak, gee dit haar nou net ’n gevoel van naarheid.

“Ek sal ’n huurmotor laat kom.”

Maar sy bel nie. Sy pak haar tas en gaan sit by die voordeur.

Iets is verkeerd. Sy sien hoedat Alfred aangestap kom, maar nes hy naby haar is, raak hy onsigbaar. En dan kyk sy rond en sien hom nêrens.

Of sy hoor sy stem. Hy praat vreeslik vinnig, of stadig. Dan kom die wind en waai sy stem heen-en-weer. Of weg.

Sy kyk hoe die oggend middag word, en die middag laatmiddag.

“Die sneeu is besig om te smelt,” sê Alfred, maar dit klink soos die wind.

“So skielik?”

“Dis nie skielik nie. Dis al twee maande.”

“Verspot!” roep sy uit, maar sy weet hy is reg.

“Moenie dat dit jou ontstel nie,” praat die duistere oë. “Tyd is onbelangrik.”

Sy weet sy is veronderstel om geskok te wees. Sy moet skree dat hy ’n fout maak, hom vertel dat sy heeltyd al weet dat hy ’n spook is, maar ook geruime tyd vermoed dat sy sélf een is. En al is haar geheue vaag, onthou sy hoe die motor oor die ysige pad gly. Haar oë toegeknyp. En sy wat haarself verbeel dit het haar net-net gemis ...

En nou sit sy al twee maande lank voor hierdie groot, outydse huis.

“Ek wil jou iets gaan wys,” sê hy.

Soos in ’n droom staan sy op. Hulle sweef om die hoek van die huis, oor die netjiese grint, regdeur ’n klomp struike tot by die roostuin.

“Jy moet jouself sterk hou,” waai sy woorde. “Moenie dat dit jou ontstel nie.”

Maar vreemd genoeg skrik sy glad nie toe sy haar liggaam aan ’n sierlike boog traliewerk vasgebind sien nie. Die sneeu wat in ’n digte bal daarom vasgepak is, is besig om smeltend weg te sak. Sy skrik nie, want sy het net goeie herinneringe aan die dag wat hulle die sneeubeeld rondom haar lyk gebou het.

“Gevries in tyd en ys,” meen sy.

“Maar alles sal uiteindelik vergaan. Nes sneeu wat smelt.” Sy oë lyk donkerder as ooit. “Sal jy bly?”

Dis onmoontlik om nee te sê.

Saam beweeg hulle met die wind voordeur toe. Sonder om dit oop te maak, sweef hy regdeur tot binne in die huis.

En sy doen presies dieselfde.

## <u>Naskrif</u>

Die volledige weergawe van hierdie verhaalbundel is aanlyn beskikbaar by:

https://www.amazon.com/dp/B0CHFPCJHW

Stories waarna jy kan uitsien:

**Die opgrawing**

'n Man grawe 'n kis op om by die oorledene se diamanthalssnoer uit te kom. Is dit regtig so erg om dooies te beroof?

**In die kelder**

Opsoek na stilte trek 'n jong man in 'n verlate kothuis in – maar wat is die vreemde geluide wat hy heeltyd hoor? En dan maak hy 'n skrikwekkende ontdekking in die kelder.

**Eendag of ’n reënnag**

Daar dwaal glo ’n spook in die bos – ’n man wat aan een van die bome opgehang is. Mite of nie, dit is nie maklik om alleen daar te loop nie.

**Ryloop**

’n Meisie is gestrand langs die pad. ’n Jong man kom verby, gretig om te help. Maar hy moes geweet het – dis deesdae nie meer veilig om rylopers op te laai nie.

**Portrette**

Prente weerspieël die lewe. Wanneer 'n portret val, sterf daardie persoon. Maak dus seker dat jy gereeld die spykers en drade nagaan. En moenie per ongeluk daarteen stamp nie.

**Sneeuman**

'n Meisie reis na Engeland en ontmoet 'n baie aantreklike man, maar dit word gou duidelik dat hy eintlik 'n gees is. 'n Spookagtige romanse volg.

## Stil soos die graf

Die band tussen tweelingbroers. 'n Ongeluk. Woede, stilte en spyt.

## ’n Truuk vir Halloween

Dis Halloween. 'n Tafel vol gruwelike peuselhappies. Kinders aangetrek en opgemaak om bang te maak. En 'n buurman wat glad nie hiervan hou nie.

## Spookasem

Vir die kleinspan. 'n Hawelose seuntjie waag dit in 'n spookhuis waar hy 'n spookdogtertjie ontmoet wat vir hom spookasem gee. Maar waarvan word spookasem regtig gemaak?

## Perde

'n Jong man se motor raak onklaar. Hy besluit om in sy tent langs die pad te oornag, maar gedurende die nag word hy wakker van iets soos die geluid van hoewe wat deur die dik mis na hom toe aankom.

## Grondpadgees

Hulp kom vanuit ‘n onverwagse oord toe die dominee se kar op 'n modderpad vasval. Maar dit is die ding wat later die aand gebeur wat selfs nog vreemder is.

## Sweef

Die aaklige heks word 'n beeldskone meisie – mooi, naak en suiwer. En jy volg met alles wat jy is.

Hierdie boek neem jou na ‘n verdraaide wêreld van die makabere. As jy van spoke en misterie hou, spring gerus weg met die gratis deel van hierdie boek.

This book is also available in English:

https://www.amazon.com/dp/B0CH8M32QZ



Deel hierdie stories gerus met jou vriende!